SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



**Toe sê die Engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk ek bring vir julle ‘n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"**

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Stad van Dawid

Die "Stad van Dawid", die oorspronklike kern van Jerusalem, is van groot historiese en geestelike betekenis. Volgens navorsing is dit hier waar koning Dawid die stad van die Jebusiete verower het (2 Samuel 5:6-9) en as die politieke en godsdienstige hoofstad van Israel gevestig het. Argeologiese opgrawings het strukture soos die *Silwamtunnel* onthul, wat koning Hiskia gebruik het om Jerusalem teen invallers te beskerm (2 Konings 20:20). So is daar verskeie bewysstukke wat die historiese akkuraatheid van Bybelse verhale bevestig, en gelowiges regoor die wêreld steeds inspireer.

Betlehem staan ook as die "Stad van Dawid" bekend. Dit verwys egter na Dawid se geboortestad (1 Samuel 16:1). Dit is hoekom Josef (as nageslag van Dawid) en Maria na Betlehem moes reis en waar Jesus Christus, volgens Matteus 2:1, gebore is.

Hierdie onderskeid oor die *Stad van Dawid* beklemtoon Dawid se diepgaande impak, van sy nederige begin tot sy invloed as koning en man na God se hart.

Die term en begrip *"Stad van Dawid"* dra betekenis vir elke gelowige. Dit simboliseer die fondament van geloof, gehoorsaamheid en God se verbond met sy volk en kinders. Dit herinner ons as gelowiges aan God se getrouheid deur die eeue en die vervulling van profesieë, insluitend die Messias wat uit Dawid se nageslag sou kom (2 Samuel 7:12-16). Die filosoof Edmund Burke het gesê: "Diegene wat nie uit die geskiedenis leer nie, is gedoem om dit te herhaal". Die nalatenskap van die *Stad van Dawid* is 'n brug tussen die verlede, hede, en toekoms. Jesus self het die Stad van Dawid gesien as deel van God se reddingsplan en 'n vervulling van die Messiaanse profesieë. Jesus se bediening en kruisiging in die stad het die beloofde verlossing en versoening gebring.

Die *Stad van Dawid* het steeds betekenis vir my en jou en elke gelowige wat glo. Daarom reis ons elke jaar daarheen in die blaaie van God se Woord, soos ons in hierdie Advent opnuut gaan doen.

Seënwense
Andrè Harmzen

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Betlehem

**“En jy, Betlehem-Efrata, al is jy klein onder die geslagte van Juda, uit jou sal vir My ’n Heerser voortkom wat oor Israel sal regeer...” (Miga 5:1)**

Betlehem, die nederige "Stad van Dawid," is diep verweef met God se plan van redding. Hierdie klein dorpie, Dawid se geboortestad, speel 'n sentrale rol in die vervulling van die Messiaanse profesieë. Die profesie oor die Messias voorspel die koms van Jesus Christus as Verlosser. Daarom lees ons in Jesaja 9:5: **“’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee...”.** Dit is ‘n belofte wat God se plan bevestig om sy volk te red deur ’n ewige Koning uit Dawid se lyn. Hierdie profesie dui op die geboorte van Jesus Christus in Betlehem, as die ewige Koning en Verlosser.

Jesus se koms in Betlehem openbaar God se hart: om groot dinge uit die nederige te bring en genade aan almal te bewys. Betlehem is nie net 'n plek van geskiedenis nie, maar ook van hoop en geloof.

Jesus het die Stad van Dawid gesien as deel van God se reddingsplan en ’n vervulling van die Messiaanse profesieë. Hy het Jerusalem gereeld besoek (Lukas 19:41-44), met diep deernis oor die stad se geestelike toestand. Sy bediening en kruisiging het die stad se simboliek van verlossing en versoening versterk

Mag ons, soos die herders, ook die Koning in nederigheid aanbid. Mag ons, soos die wyse manne, van heinde-en-verre kom om hulde te bring aan Hom. Mag ons, soos Josef en Maria, die Woorde hoor en in diens van God wees.

Kom wees God se brug hierdie Advent. Kom wees die skakel tussen die verlede, hede en toekoms. Kom bring wie jy is na Betlehem, en hoor die Woorde van God vir jou lewe.

Geseënde Advent,
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


KERSSANGDIENS

TIENER NAWEEK

RESEP VAN DIE MAAND

DIE STOKKIES JESUS

MIKE SE KERSFEES

WANNEER MY LYF VIR MY HART WEGHARDLOOP.....

DESEMBER INSPIRASIE

KONTAK ONS





# LOUGHTON KERSSANGDIENS

## 8 DESEMBER 2024 - 10:00

Theydon Bois Village Hall
Coppice row, Theydon bois, CM16 7ER

**ONS GAAN DIE HERE SAAM LOOF EN PRYS!**

**DAARNA GAAN ONS LEKKER SAAM KUIER.**

Daar gaan heerlike tuisgemaakte Hoenderpasteie, groente, pampoenkoekies, slaai en poeding wees.

Bring asb eie eetgerei, glase en drinkgoed.

£5 per persoon, kleintjies 2 jaar en onder gratis

Kaartjies beskikbaar op ons
Connect e-pos
webblad: noordwyk.sagemeente.com

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tiener Naweek







Breakfast













# Tiener Naweek






















# Tiener Naweek














(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tiener Naweek


















Resep van die Maand

## Pampoengereg



Bestanddele:
1 kg gaar Butternut (1.3 kg rou Butternut)
1 Blikkie Kondensmelk
1/2 Teelepel sout (of minder)
3 Eiers, geskei
1/2 Teelepel fyn gemmer (opsioneel- ek verkies sonder)

Metode:
-Kook die pampoen tot gaar. Dreineer water goed af.
-Skei die eiers.
-Druk pampoen effens fyn en meng met kondensmelk, gemmer en geel van eiers.
-Vou styfgeklitse eierwitte by.
-Gooi mengsel in gesmeerde bak.
-Bak by 180 grade C vir 30min.
-Strooi kaneelsuiker oor na smaak. Vir minder soet gereg strooi net kaneel oor.





*Baie dankie Susan de Waal dat jy  jou staatmaker resep met ons gedeel het!*
*'Dit lyk liplek lekker'*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Die stokkies Jesus

Outeur onbekend

So ‘n paar jaar gelede het my kinders vanaf Australië kom kuier. Hulle sou Kersfees saam met ons deurbring, en ek het gewonder wat ek spesiaal vir die twee kleuter kleinseuns van my kon doen, om dit vir hulle besonder en uniek te maak. Ek wou so graag dat hulle Kersfees sou onthou as ‘n tyd wat nie gaan oor geskenkies kry nie, maar dat dit oor Jesus Christus gaan.

Dis Oukersdag en ek is laatmiddag gou winkel sentrum toe. Dis chaos! Almal hardloop rond om die laaste geskenke of eetgoed te koop en die winkelrakke is vreemd leeg. Ek drafstap van winkel tot winkel en soek ‘n miniatuur kerstoneel met Maria, Josef, die skaapwagter, Jesus in die krippie – jy weet mos! Almal het altyd so een onder die kersboom!

Uiteindelik kry ek die laaste een by ‘n duur geskenkwinkel. Tuis help twee paar gretige kinderhandjies my om die ’bubble wrap’ om elke beeldjie af te haal en versigtig in en om die stal te plaas, maar o wee! Daar is nie ‘n baba Jesus in die pakkie nie! Wat nou? Die winkels is toe, omruil is buite die kwessie. Maar ouma is vinnig met ‘n plan en maak van stokkies en lappies ‘n amper poppie en siedaar! Jesus is in die krippie!

Laat die aand, na almal al bed toe is, sit ek en wonder oor die verlore beeldjie. Die stokkies Jesus voel net nie vir my reg nie. Ek gaan kombuis toe en gooi vullissakke die een na die ander op die vloer uit en soek tussen die oorskietkos en geskenkpapier ... ek gril! Maar tussen die stukke ‘bubble wrap’ kry ek toe een stukkie wat vreemd lyk en wonder bo wonder ... ek het die figuurtjie Jesus gevind! Gretige handjies moes die stukkie misgekyk het.

Ek plaas die “regte Jesus” terug in die krippie en met trane in my oë sak ek af op my knieë en bid: “Here Jesus, ek weet vanaand, dis ook tyd dat ek my lewenssak vol vuilgoed oopkrap en voor U voete kom neergooi en aanhou soek en soek totdat ek die regte Jesus kry! Help my om asb die stokkies Jesus van my lewe te verruil vir die regte egte Jesus! Help my dat ek nie hierdie feestyd sonder U, die regte, ware Jesus sal gaan nie! Dankie dat U vanaand my oë oopgemaak het om dit raak te sien. Amen.”

*Mag dit waar wees van jou. Mag jy plek maak vir die regte Jesus in jou lewe. Mag jy Hom volg deur die nuwe jaar en vir ewig daarna ... Die ware opgestane Jesus, wat die wêreld kom red het. Mag die liefde van ons Almagtige God en die genade van Jesus ons Verlosser oor jou reën en mag die Heilige Gees jou hand neem, orals waar jy gaan.*
*Amen*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Mike se Kersfees!

Geskryf deur Georgie

JOY hope LOVE PEACE Christmas

Dis kersfees en soos dit tradisioneel gaan is dit mos die tyd dat ons die weeshuise en ouetehuise ens. besoek.

‘n Sending paartjie het besoek afgelê by ’n weeshuis. Voor al die geskenkies uitgedeel is, het die sendeling se vrou die kinders bymekaar geroep, om die Kersverhaal te vertel. Hulle het gehoor van Josef en Maria wat in Bethlehem aangekom het, en dat daar nie vir hulle plek was nie en hulle toe in die stal beland het.

Daar is Jesus toe gebore en in die krip geplaas. Dwarsdeur die verhaal het die kinders vasgenael gesit en luister. ‘n Paar se mondjies het oopgehang en hulle het nie beweeg nie. Vir meeste van hierdie kinders was dit die eerste keer dat hulle die Kersverhaal gehoor het.

Na die verhaal het die sending paartjie toe stukke karton uitgedeel en hulle almal geleer hoe om ‘n krip te maak uit die karton. Toe die krip klaar was kon hulle grassies buite gaan haal om in die krip te sit, en ‘n ou stuk lap was opgesny en uitgedeel om as kombers te dien, en uit velt materiaal is daar vir hulle gewys hoe om ‘n figuurtjie uit te sny wat sou dien as die Baba.

Terwyl hierdie weeskinders druk besig was om die verhaal wat hulle nou net gehoor het uit te beeld, het die sendeling se vrou tussen hulle deurgestap om te sien hoe hulle vorder. Alles het mooi gelyk en toe kom sy by die tafeltjie waar klein Mike besig was om te werk. Mike was 5 jaar oud, en toe sy nader stap, sien sy tot haar verbasing dat daar in sy krip, nie net een baba is nie, maar twee.

Sy het gedink miskien het Mike die verhaal verkeerd verstaan en hom gevra om vir haar die verhaal te vertel soos hy dit verstaan het. Alles was doodreg en hy het die verhaal pragtig vertel, tot by die gedeelte waar Josef en Maria die Baba in die krip neergelê het. Toe staan hy regop, en ewe kordaat vertel hy toe die volgende weergawe:

# Mike se Kersfees!

Geskryf deur Georgie

Sy weergawe:
Hy vertel vir die sendeling se vrou: "Ek was ook daar daardie aand, toe Jesus gebore is. En toe kyk Jesus reguit vir my en Hy vra toe vir my.. Mike het jy 'n plekkie om te bly,....... En toe sê ek vir Hom, nee, Jesus, ek het nie 'n mamma en 'n pappa nie, en ek het ook nie 'n huis om in te bly nie. Ek is maar net 'n weeskind wat nêrens behoort nie.

En toe sê Jesus vir my ek kan maar by Hom kom bly. Toe dink ek so bietjie en toe sê ek vir Jesus maar ek het nie 'n geskenkie om vir Hom te gee soos die wyse manne nie. Maar toe vra ek Hom, of dit reg is dat ek by Hom in die krip kan kom lê, dan sal ek Hom lekker warm hou, en dis mos ook 'n geskenk.

Toe kyk Jesus vir my en Hy sê, as jy my warm hou, dan sal dit die grootste geskenk ooit wees. En toe klim ek in die krip by Hom, en toe sê Jesus vir my, Mike, jy kan maar vir altyd en altyd by my kom bly!"

Met trane wat oor die wangetjies loop het Mike opgekyk na die Sendeling se vrou en gesê: "Nou het ek ook Iemand aan wie ek behoort. Iemand wat my nooit sal wegstoot oor ek 'n weeskind is nie, en Iemand by wie ek altyd kan bly".

**Toepassing:**

Soms voel ons ook so verlate en uitgestoot soos Mike. Ons voel so asof ons nêrens tuis is, en of maar net 'n Geestelike weeskind is. Maar dan kyk ons in Jesus se oë en sien die liefde en warmte, en weet Hy sal ons altyd liefhê. Hy sal altyd vir ons plek maak, Hy sal ons nooit begewe of verlaat nie.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Wanneer my lyf vir my hart weghardloop

Dis hierdie tyd van die jaar, Here . . . die tyd wat almal se lywe vir hulle harte weghardloop. Die tyd wat mense verby mekaar skarrel, en mekaar se oë miskyk. Die tyd van keerdatums en afsluit en klaarmaak voor kersfees. Die tyd van toets skryf en druk en 'n kind se bangwees vir nog 'n prysuitdeling wat dalk te veel gaan vra.

Ek hou nie van hierdie tyd van die jaar nie, Here. Dit maak my bang. Ek verlang terug vir die tyd voor e-posse en whatsapps en zoom . . .ek mis die posseël se gom wat op 'n brief vasplak. Die opgewonde-bly-wees en wag vir die brief om oor 'n paar dae eers by sy bestemming te kom. Ek verlang vir die tyd toe die foon nog teen die muur vas was. Toe niemand ongeduldig en kwaai geraak het as daar geen antwoord was nie. Ek verlang vir die tyd toe mense mekaar nog in die oë kon kyk en lag en gesels wanneer hulle eet. Nou, Here . . . sit elkeen met 'n stukkie rekenaar in die hand, die kos en kuier en saamwees is sommer net 'n bysaak. Ek verlang vir die tyd toe kinders in bome geklim het, en laataand fiets gery het. Ek verlang vir die tyd toe mammas en pappas in die aande by die huis was, sonder vergaderings en wegwees met werk.

Ons lywe hardloop so vinnig, Here. Ons probeer elke whatsapp, elke e-pos, elke oproep betyds inhardloop. . . en dan hardloop ons so baie keer verby U. Soms stamp ons U sommer net eenkant, want ons is so bang ons is nie betyds by die volgende stukkie stop nie.

Help my, Here, om stil te gaan staan. Help my om die blommetjie wat U so opgewonde langs die pad na my toe uithou, raak te kyk. Maak my oë oop vir U glimlag in 'n klein kindjie se lag, dat ek U kan sien, Here. Stop my en maak my sit op die groen gras wat U so mooi helder ingekleur het . . . en sit weer die verwondering in my hart vir elke wolkie wat patroontjies teken in die lug. Elkeen anders en uniek. Vat my na 'n plekkie waar U en ek alleen kan wees, waar dit so stil is dat ek U liefde kan voel en hoor. Daar waar daar nie fone en rekenaars en vergaderings en eposse is nie. Daar waar dit net U en ek is, Here.

Dankie dat U in stilwees vir my wag . . . dat U u Hand uitsteek om my te stop wanneer ek vir my eie hart wegloop. Dankie dat U dadelik hoor as my hart so baie keer bang en vinnig begin klop. Dankie dat U juis dan stil by my kom sit, my hart in U hande toevou. Dankie dat U my hart versigtig teen U hart hou, totdat dit stukkie vir stukkie stadiger begin klop. Totdat dit in pas kom met U hart se klop, Here. En wanneer dit rustig is, sit U my hart stil-versigtig terug in my lyf. Dankie dat U my herinner om U liefde en U omgee en U sorg stukkie vir stukkie in te asem. Bietjie vir bietjie . . . een asem op 'n slag. Sodat my hart en my lyf kan stil word. Dankie dat U my leer om een voet voor die ander te sit, en nie duisend tree te probeer inpas, teen tyd verby nie. Een voet voor die ander, Here. Een asem op 'n slag. U liefde wat my regop hou. En U stem wat sag vir my sê: 'Kom na My toe, Ek sien jy raak moeg. Kom, dat Ek jou hart stil teen Myne kan sit, sodat jy vir 'n rukkie net kan rus.'

Dankie Here. U alleen is vir my genoeg.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

1 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

8 DESEMBER KERSSANGDIENS 10 UUR

15 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

22 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

# Desember Inspirasie

## Christmas Blessing

May the blessing of joy,
Abide within you;
May the blessing of peace
Rest upon you;
May the blessing of love
flow out through you;
may all the blessings of the Lord
Be yours at Christmas
And in the new year.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00


**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com